S.A. POLISIE

# DIE WAANSINNIGE BESOEKER

Deur MEIRING FOUCHÉ

PRONKBOEKE



Toe die jong konstabel, Jurie Slabbert, nog so rustig met sy gevangene op die trein sit en dambord speel, sou hy nie kon dink dat dit moontlik is dat mens in so 'n kort tydjie soveel avonture kan beleef as wat hy in die volgende dag sou deurmaak nie . . .

Maar dit sou nie net hý wees wat te doen kry met die noodlot in die vorm van 'n waansinnige mens nie. Op 'n afgeleë plaas in die Karoo sou 'n ontstellende skim uit die verlede opdoem en 'n onskuldige jong dogter sou die slagoffer word van 'n man met 'n verwronge siel . . .

## HOOFSTUK 1

KONSTABEL JURIE SLABBERT probeer konsentreer op die stote wat hy op die dambord moet maak maar hy slaag nie juis daarin nie omdat hy sy oë nie kan weghou van die hande van sy gevangene nie.

Dit is twee groot, kragtige hande.

Af en toe kan hy homself nie bedwing om op te kyk na die man teenoor hom nie. Casper Ferreira is 'n sterk man. As hy maar net sterk was, dan was dit al genoeg, maar daarby is hy ook half kranksinnig. Die wiele van die passasierstrein na die noorde slaan ritmies op die lasse van die spoorstawe. Daar is 'n sagte gesus in die ritme en Jurie Slabbert wens hy kon al gaan rus, maar Casper Ferreira is blykbaar nog nie van plan om te rus nie.

Toe hy weer 'n stoot op die dambord maak, wonder Jurie waarom hulle hom nou juis gekies het om vir Casper Ferreira na Pretoria te neem, na die gestig vir kranksinniges. Hulle het hom gewaarsku dat Ferreira 'n gevaarlike man is. Hulle het hom meer as 'n uur lank vertel watter soort man Ferreira is. Hy ly aan 'n verbasende soort kranksinnigheid. Die een oomblik is hy heeltemal kalm en normaal net soos enige mens, maar die volgende oomblik is hy weer heeltemal van sy wysie af. Dan kan hy nie alleen baie lastig wees nie, maar ook gevaarlik. Aan Jurie het hulle verduidelik dat hulle hom kies om Ferreira te vergesel omdat hy self 'n sterk man is. Hy is skaars vyf-en-twintig jaar oud maar hy het 'n groot, stewige liggaam. Casper Ferreira konsentreer net op die dambord. Dit lyk asof die res van die lewe vir hom verlore is. Daar is 'n eienaardige glans in sy oë. Die glans van waansin. Op hierdie oomblik lyk dit asof dit vir hom van die grootste belang is dat hy hierdie potjie dambord moet wen. Jurie sal hom ook toelaat om te wen want in Kaapstad het hulle vir hom gesê dat hy aan Ferreira

soveel moontlik normale afleiding moet verleen, verkieslik dambord waarvoor hy baie lief is. Maar, in hemelsnaam, het hulle vir Jurie gesê, moet hom nooit wen nie. Sorg dat hy altyd wen. Dit sal hom streel en hom kalm hou.

Werktuiglik voel Jurie aan sy rewolwersak. Ja, sy rewolwer is darem nog daar. Hy voel ongemaklik en selfs bevrees vir die oomblik wanneer hy vir Ferreira sal moet boei voordat hulle slaap. Dit is egter onvermydelik. Hy kan dit nie waag om in hierdie kompartement aan die slaap te raak met 'n waansinnige wat die vrye gebruik van sy hande en sy voete het nie. Daarom dat hy die twee stelle boeie saam met hom het.

Hoe laat is dit nou? Ja, dit is reeds elfuur. Vir 'n oomblik wonder Jurie waar hulle nou is. Hy kyk by die venster uit en volgens die omgewing lyk dit vir hom asof hulle nou bo-op die Heksrivier uit is. Binnekort sal hulle die groot gelyktes vat wat wegstrek by Laingsburg verby na Beaufort-Wes. Die trein loop nou vinnig. Die geklap van die wiele is 'n vinnige, volgehoue ritme.

Jurie maak weer 'n stoot en hy maak dit opsetlik dom sodat Ferreira 'n kans kry om hom weer te klop. Hy wonder die hoeveelste potjie dambord dit is wat hulle nou al speel. Toe loer hy weer na Ferreira op. Hy het die indruk dat die man onrustig is. Hy hou sy gevangene so goed dop want hy weet dit is in die afgelope halfuur dat Ferreira begin rusteloos word het. Waarom het hulle die man nie liewer in Kaapstad gehou nie? Miskien omdat hy in Pretoria sekere behandeling kan kry wat hy nodig het. Jurie verbaas hom oor sy eie gedagtes. Dan spring hulle hierheen en dan weer daarheen. Dan kyk hy na die man se sterk hande. Na die stewige arms. Dan weer na die flouerige blou oë wat soms so gevaarlik aan die vlam kan gaan.

Toe hy na Casper Ferreira opkyk, merk hy dat dié ook by die venster uitkyk.

„Wat kyk jy, Ferreira?" vra Jurie. „Elke keer kyk jy by die venster uit. Wat is die rede daarvoor?"



„Mag ek nie kyk nie?" vra Ferreira. Hy beleef nou weer een van sy normale tydperke.

„Ja, jy kan kyk," sê Jurie. „Natuurlik kan jy kyk." Dit is ook een van die lesse wat hulle hom geleer het voordat hy Kaapstad verlaat het. Hy moet altyd met Ferreira saamstem; dit kom nie daarop aan wat hy sê nie.

Hulle gaan maar weer aan die speel en met sy sterk regterhand maak Casper Ferreira doelbewuste stote op die bord.

Jurie steek sy hand uit om die volgende stoot te maak, maar toe gryp Ferreira sy pols vas. Dit voel asof 'n ysterklamp daarom geslaan is. Jurie kyk vinnig op.

„En nou?" vra hy. „Wat maak jy nou, Ferreira?"

„Ek is moeg gespeel," sê die gevangene. „Ek sal jou tog maar weer wen. Ek is lus vir koffie."

Weer kyk hy by die venster uit en Jurie merk op dat hy hierdie keer baie aandagtig kyk.

Daar is ook iets anders wat Jurie opmerk. Die trein beweeg nie meer so vinnig nie. Blykbaar het dit 'n lang opdraand gevat en dit ry nou stadiger.

Hierdie houding van die gevangene staan hom nie aan nie. Hierdie gekyk by die venster uit laat hom aan baie dinge dink. Hy weet nie van die een oomblik tot die volgende waartoe Ferreira in staat kan wees nie. Hulle het hom gewaarsku dat die gevangene soms soos blits kan reageer. Daarom is Jurie dankbaar dat die ruit van die treinvenster opgeskuif is hier waar Casper Ferreira sit. Vroeër vanaand het dit al sy geduld en takt gekos om Ferreira te oortuig dat dit nodig is om die ruit op te skuif. 'n Oop treinvenster kan nou gevaarlik wees. Maar is 'n ruit genoeg beskerming, wonder Jurie.

„Jy sê jy is lus vir koffie?" sê Jurie. „Nou, dan drink ons koffie, man."

Ferreira glimlag. Hy glimlag daardie onnosel glimlag van 'n jong kind.

Jurie staan op en terwyl hy Ferreira uit die hoek van sy een oog dophou, haal hy sy kosmandjie van die boonste bank af. Hy het 'n groot koffiebottel daarin en

Ferreira weet dit. Hy sit die mandjie voor Ferreira neer. „Haal jy vir ons die koffiebottel uit, Ferreira," sê Jurie. Ferreira is maar te gretig om dit te doen. Dit is toe dat Jurie sy kans waarneem. Hy vat die leerband van die hortjie en probeer dit optrek. Maar toe vlieg Ferreira op.

„Wat maak jy nou?" vra hy.

„Ek wil die hortjie optrek," antwoord Jurie.

„Jy trek net niks die hortjie op nie," sê Ferreira dreigend. „Ek wil uitkyk. Ek wil nie hier sit soos in 'n tronk se sel nie. Vir wat wil jy die hortjie optrek?"

Konstabel Jurie Slabbert het daar geen antwoord op nie. Hy los die leerband en gaan sit.

„Goed, Ferreira," sê hy, „ek sal nie die hortjie optrek as jy dit nie wil hê nie."

Dit lyk asof Ferreira hom hierdie keer skaars hoor want hy kyk weer uit na buite. Hy kyk aandagtig na buite. Dit lyk byna saof die man 'n opname maak van die terrein wat hier by hulle verbyskuif. Toe gaan hy sit. Sy oë het verander. Blykbaar het hy alles van die koffiebottel vergeet. Sy hande lê in sy skoot en in sy oë is daar 'n diepe afgetrokkenheid.

„Wil jy dan nie meer koffie drink nie, Ferreira?" vra Jurie. „ 'n Paar oomblikke gelede was jy dan so begaan oor koffie."

„Ja . . . ja ek wil nog koffie drink," antwoord die gevangene. „Jy moet inskink."

Jurie leun agteroor teen die bank. „Skink jy vir ons in, Ferreira." Dit is nog iets wat hul hom geleer het in verband met die gevangene. Stel belang in hom. Laat hom dinge doen. Hou hom besig.

„Hoekom moet èk inskink?" vra Casper Ferreira.

„Die koffie smaak vir my lekkerder as jy dit inskink," sê Jurie met sy regterhand liggies op die rewolwersak.

Casper Ferreira glimlag. Dit is weer daardie onnosel glimlag wat eintlik niks verraai nie.

„Waarheen vat jy my?" vra Ferreira en daar is iets pateties in die vraag.

„Ek vat jou na Pretoria," antwoord Jurie.



„Om wat te maak?

„Jy moet daar behandel word man."

„Hoe lank hou hulle my daar?"

„Totdat jy beter is. Miskien sal dit nie eens te lank vat nie."

Casper Ferreira kyk so driftig na die jong konstabel dat Jurie daarvan ongemaklik word. Sy een hand is om die koffie bottel geklem en met die ander hand draai hy die prop stadig en versigtig af. Jurie haal die twee drinkkoppies uit die kosmandjie en sit hulle voor Ferreira neer.

Nou het Ferreira die bottel oop. Hy skink die eerste drinkbeker half. Hy sien dat Jurie op sy beurt by die venster sit en uitkyk. Jurie se treinvenster is heeltemal oop. By hom is die glasruit nie opgeskuif nie.

Die swart koffie is stomend warm. Jurie Slabbert hou van kokende warm koffie.

Daarom voel konstabel Jurie Slabbert terdeë hoe warm die koffie uit die koffiebottel is toe Casper Ferreira met 'n wilde swaai van sy hand die een beker koffie reg in Jurie se gesig skiet. Dit tref hom hoofsaaklik in sy oë, teen sy voorkop, teen sy wange en dit stroom af teen sy neus en oor sy mond.

Die aanslag van pyn is so onverwags en wreed dat hy half opspring en in die rigting van die deur steier met sy hande voor sy gesig gedruk.

Die koffie brand sy oë so dat hy nie gebore instaat is om hulle oop te kry nie. Hy swaai om en probeer kyk. Maar sy oë is so vol trane en warm koffie dat hy omtrent niks kan uitmaak nie.

Hy kan net mooi genoeg uitken om te weet dat Casper Ferreira se sitplek leeg is.

Ferreira het vinnig en met oorleg te werk gegaan. Hy het die konstabel betrap met iets wat hy nie verwag het nie. Vir 'n paar oomblikke het Jurie sy waaksaamheid verslap. Ongelukkig het hy hierdie keer nie verder gedink as wat sy neus lank is toe hy die gevangene gevra het om die koffie in te skink nie. Op dieselfde oomblik toe hy die warm koffie in Jurie se gesig geslinger het, het Ferreira

opgespring, oor die tafeltjie gewip en eenvoudig by die treinvenster uitgeduik. Hy het bitter hard geval. Die spoorlyn is hier hoog opgewerk teen die opdraand. Toe Ferreira die wal tref, het hy hom byna katswink geval en toe afgerol al langs die opvulling af tot onder in 'n sloot.

Jurie Slabbert staan 'n oomblik verbysterd in die kompartement. Hy kry sy oë op skrefies oop en hy sien hoedat die rook nog uit die koffiebottel dwarrel. Toe ruk hy die deur oop, vlieg uit in die gang en gaan gryp aan die alarmstelsel van die trein. Binne minder as drie minute staan die passasierstrein stil. Jurie Slabbert staan in die gang met die kondukteur en praat. Oorhaastig vertel hy wat gebeur het.

„Ek kan hom nie laat vrykom nie," sê Jurie. „Ek mag hom nie laat vrykom nie. Daardie man is nie verantwoordelik vir sy dade nie. As ons hom hier loslaat, sal hy 'n gevaar wees. Ek het 'n indruk hy ken die omgewing. Die afgelope halfuur of so het hy voortdurend by die treinvenster uitgekyk asof hy na landmerke gesoek het. Hy was baie goed bewus daarvan dat die trein teen 'n opdraand uitgaan. Julle moet my help. Ek moet hom vang."

„Ek moet eers jou gesig versorg," antwoord die kondukteur en hy vat vir Jurie terug na die kondukteurswa waar hy 'n noodhulpkissie het. Daar het hy salf en ander middels en in 'n ommesientjie het hy Jurie se verbrande gesig versorg. As gevolg van 'n vinnige refleksaksie, het Jurie sy oë toegeruk net op die regte oomblik toe die koffie hom tref. Daarom is sy oë as sodanig nie beskadig nie. Dit is net die ooglede wat gebrand is. Die kondukteur het 'n brand middel aangesmeer en hy kan dadelik sien dat die koffie vir Jurie lelik gebrand het.

Die masjinis van die trein kom uiteindelik ook by die kondukteurswa aangehardloop.

„Hier het 'n kranksinnige ontsnap," sê die kondukteur. „Ons moet hierdie konstabel help om hom te probeer vang."



Van die passasiers het ook nuuskierig teruggekom na die kondukteurswa.

'n Rukkie daarna gly hulle teen die skuinste af. Die kondukteur en die masjinis het elkeen 'n lantern. 'n Paar van die passasiers is ook behulpsaam. Hulle hoef nie lank te soek voordat hulle die plek kry waar Casper Ferreira uitgespring het nie en waar hy teen die los bank afgegly het na onder nie.

Maar, van Casper Ferreira is daar geen teken nie. Geen teken van enige aard nie. Die terrein is hier te hard. Hulle kan sy spoor nie vat nie. Hulle soek daar op die grond rond, volg sy spoor 'n paar tree, maar toe loop dit dood op die harde klipbanke en op die gruiserige terrein.

Hulle hardloop op 'n klein plato uit en in die lig van die lanterns soek hulle verder, maar dit is vergeefs. Casper Ferreira, die kranksinnige, het verdwyn.

„Ek dink dit is nodeloos om verder te soek," sê die masjinis. „Ek kan nie die trein onbepaald hier in die veld laat staan nie." Die kondukteur bevestig dit.

„Laat ons teruggaan," sê hy.

„Nee, ek kan nie teruggaan nie," antwoord konstabel Jurie Slabbert. „Gaan julle maar terug en stel die polisie op Laingsburg in kennis. Vra hulle om my te kom help."

„My liewe man, jy kan nie alleen hier agterbly nie," sê die masjinis. „Ek verstaan dit is 'n gevaarlike gevangene —'n waansinnige."

„Ja, dit is hy," antwoord Jurie. „Maar hy is ongewapen en ek is gewapen."

„Ek hou net niks daarvan nie," sê die kondukteur. „Dit sal vir jou veiliger wees as jy saam met ons ry tot op Laingsburg. Daarvandaan kan julle die polisie in die omgewing in kennis stel en 'n soektog op tou sit. In die donker kan jy in elk geval niks uitvoer nie."

„Nee, ek bly hier," hou Jurie vol. „Dit is my plig. Ek het hom laat ontsnap en ek moet na hom soek. Hy kan nie te ver wees nie."

Hoe hulle ook al met hom redeneer, hy weier. Hy bly daar staan terwyl hulle terug stap na die trein. Hy luister.

Hy hurk op die grond en spits sy ore. Dit is toe dat hy na die noordekant in die rigting van die nasionale pad iets hoor. Dit is 'n baie gering geluid. Soos wanneer iemand sy voet teen 'n klip skop.

Jurie Slabbert besef dit nie, maar as hulle honderd tree verder geloop het, sou hulle Casper Ferreira opgespoor het. Toe hy hulle sien kom met die ligte, het hy in 'n droë sloot ingeduik en daar bly lê om te sien wat gebeur. Ferreira het genoeg verstand om te weet dat hy nie ver kan kom sonder 'n wapen nie. Hy beleef een van sy normale tydperke en dit stel hom in staat om gevolgtrekkings te maak en planne uit te werk. Sy afleiding is dat die ywerige jong konstabel na hom sal kom soek. Nou blyk dit dat sy afleiding korrek is. Hy het gesien toe die masjinis, die kondukteur en die paar passasiers omdraai en terugstap na die trein. In die verdwynende lig van die lampe het hy gesien dat Jurie Slabbert bly staan.

Jurie draai nou sy kop en luister weer fyn. Nou is dit stil.

Maar hy is seker daarvan dat hy 'n geluid gehoor het. 'n Voetstap was dit seker nie. Dit het geklink soos klip wat teen klip stamp.

Agter hom hoor hy die trein fluit. Toe hy omkyk, sien hy hoedat dit begin beweeg. Hy kyk na die ligte totdat hulle wegraak agter 'n knop en toe voel hy meteens baie alleen. Casper Ferreira is wel ongewapen maar hy is 'n gevaarlike kalant in die beste omstandighede. Hy is roekeloos en wreedaardig. Wanneer die kranksinnigheid hom beetpak, stuit hy vir niks. Dan sal hy selfs 'n man wat 'n rewolwer het, stormloop, so is aan Jurie verduidelik voordat hy met sy gevangene uit Kaapstad vertrek het.

Die trein het verdwyn. Dit is nou stil behalwe vir die sagte dreuning van die wiele op die spoorstawe, 'n geluid wat stadig besig is om weg te sterf.

Jurie staan op. Hy besluit om te beweeg in die rigting van die geluid wat hy gehoor het. Dit is iewers na die noordekant. Miskien is dit maar 'n donkie of iets wat hier oor die klipperigheid beweeg het. Maar, as dit



'n dier is, sou hy tog weer 'n geluid van beweging gehoor het. Alles is nou stil.

Voetjie vir voetjie begin hy aanstryk in die rigting van die nasionale pad wat aan die noordekant geleë is. Hy weet dit moet iewers voor hom wees. Hy maak die knoop van sy rewolwersak oop en laat dit so bly. Nou sal hy op sy hoede moet wees. Hy weet nie of Ferreira dalk op hom wag nie. Hy wonder wanneer die trein op Laingsburg sal aankom en hoe lank dit sal duur voordat die polisie hier opdaag.

Nadat hy omtrent twintig tree gestap het, gaan hy weer staan. Hy luister intens maar die nag is stil. Daar is geen wind of beweging nie. Alles het tot stilstand gekom in die donker.

Hierdie stilte ontstem hom. As Ferreira iewers beweeg, behoort hy hom te hoor. Dit het maar 'n paar minute geduur totdat die trein tot stilstand gekom het. Hulle het vinnig teruggehardloop na die plek waar Ferreira uitgespring het. In daardie kort tydjie kon hy nie so ver weggekom het dat 'n mens hom nie kan hoor beweeg nie. Selfs op 'n afstand van 'n halfmyl sal 'n mens hom nou kan hoor hier in die klipperigheid. Dit is ruwe terrein en hoe Jurie ook al probeer, hy kan nie geluidloos beweeg nie. Sy stewels knars oor die los klippe. Waarom sou dit dan met Ferreira anders wees.

Toe Jurie weer vassteek om te luister, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat Ferreira hier iewers op hom wag. In seker omstandighede is 'n konstabel altyd waardevol vir enige vlugteling. 'n Konstabel dra 'n rewolwer en heel dikwels nog 'n hele aantal patrone. Sou Ferreira in staat wees om so ver te dink?

Jurie Slabbert besef dit nie, maar sy gevolgtrekking is heeltemal korrek. Vandat die masjinis, die kondukteur en die ander verdwyn het, het Ferreira nog net een maal beweeg en dit was om sy posisie te verbeter hier in die droë sloot. Jurie word dopgehou teen die sterlig. Sy figuur is vaag maar tog is dit sigbaar. Wanneer hy beweeg, is hy duidelik afgeteken teen die ligter agtergrond van die sterre.